Tafelberg Fotografieklub : Ledegeld

Lidmaatskap is geldig vir 'n kalenderjaar en jaarlikse ledegeld is betaalbaar vóór die sperdatum van die betrokke jaar. Vir pro-rata doeleindes word ledegeld verreken teen 10 maande aangesien die klub nie gedurende Desember aktief is nie en gewoonlik eers laat in Januarie afskop.

Eenmalige aansluitingsfooi

1 'n Eenmalige aansluitingsfooi van **R50 per lid** sal vir alle nuwe lede gehef word.
2 Aansluitingsfooie is nie terugbetaalbaar. Indien 'n persoon byvoorbeeld na drie maande lidmaatskap by die klub wil staak, sal geen terugbetaling aan die lid gemaak word nie.
3 Hierdie bedrag sal jaarliks deur die bestuur hersien word.

Ledegeld

1 Ledegeld sal jaarliks deur die bestuur hersien en aangepas word indien nodig.
2 Ledegeld bedra **R170 jaarliks**. Indien later in die jaar aangesluit word, word die ledegeld pro-rata bereken vir die res van die jaar (R17 per maand).
3 Jaarlikse ledegeld moet voor 1 Maart betaal word.
4 Ledegelde is nie terugbetaalbaar nie.

Berekening van ledegeld

1 Eerste gesinslid betaal volle ledegeld van **R170 per jaar**.
2 Die volgende lede is geregtig op 20% afslag op ledegeld :
  2.1 Tweede en daaropvolgende aktiewe gesinslede
  2.2 Pensionarisse (moet aansoek doen by klub as pensionaris)
  2.3 Junior lede (onder 21 jaar) wat die hooflid is en nie reeds as aktiewe gesinslid kwalifiseer nie
3 Die afslag op ledegeld is slegs van toepassing op die jaarlikse ledegeld wat voor 1 Maart betaal word, en bedra **R136 per jaar.**
4 Lede wat kwalifiseer vir afslag kan by die bestuur van die fotografieklub aansoek doen vir die afslag, sodat dit ook so op hulle lederekord aangedui kan word.
5 Die volgende lede word vrygeskeld van ledegeld:
  5.1 Onaktiewe gesinslede
  5.2 Ere lewenslede (lede deur die bestuur genomineer vir voortreflike diens gelewer aan die klub)
  5.3 Erelede (individue wat nie deel is van die klub nie, maar deur die bestuur genomineer word as erelede).
6 Dit staan die bestuur van die klub vry om besoekersfooie te hef per werkswinkel. Geen besoekersfooie word gehef vir kompetisie-aande nie, om mense aan te moedig om by die klub aan te sluit.

Tafelberg Fotografieklub : Ledegeld

Voorbeelde van berekening van ledegeld

Nuwe gesin	**Ledegeld**	**Aansluitingsfooi**
Nuwe aktiewe gesinslid	R170 per jaar	R50
Nuwe 2e aktiewe gesinslid	R136 per jaar	R50
Nuwe 3e aktiewe junior gesinslid	R136 per jaar	R50
Totaal	R442 per jaar	R150
Groottotaal	R592	

Nuwe gesin	**Ledegeld**	**Aansluitingsfooi**
Nuwe aktiewe gesinslid (pensionaris*)	R136 per jaar	R50
Nuwe 2e aktiewe gesinslid	R136 per jaar	R50
Totaal	R272 per jaar	R100
Groottotaal	R372	

* Pensionarisse moet aansoek doen by die klub vir afslag.

Nuwe lid	**Ledegeld**	**Aansluitingsfooi**
Nuwe aktiewe gesinslid. Lid sluit eers in Julie aan.	R85 per halfjaar (Julie – November)	R50
Groottotaal	R135	

Betaling van ledegeld

Ledegeld kan elektronies oorbetaal word of in kontant by die Tesourier inbetaal word. **Geen tjekbetalings word aanvaar nie.**

Elektroniese oorbetalings moet na die volgende rekening gedoen word (geen bankinbetalings kan oor die toonbank in hierdie rekening gedoen kan word nie):

Bankbesonderhede: Absa
Rekeningnaam: Tafelberg Afrikaanse Fotografieklub
Rekeningnommer: 9149865821
Verwysing: Elektroniese betalings moet duidelik gemerk word, bv. Ewium Ledegeld.

Bewyse van betalings moet per e-pos gestuur word aan Celia Fouché by sportbuddycf@gmail.com. Geen tjekbetalings word aanvaar nie.